



Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

17 Februarie 2021

OUEROMSENBRIEF 2 VAN 2021

Beste JV-ouers/-voogde

Al die leerders was nou reeds 'n eerste keer by die skool en dit gaan baie goed in die klasse. Baie dankie aan u wat die inligtingsbriewe mooi gelees het en sodoende ons reëlins glad laat verloop het.

Ek wil graag die volgende sake onder u aandag bring:

1. VOORKOMS

Baie dankie ook aan die leerders wie se voorkoms reg was volgens die skoolreëls, dit maak ons taak soveel makliker.

Leerders wie se voorkoms nie in orde is nie, het 'n GEELBRIEF ontvang waarop die regstellingsreëlins aangedui is. Sal u so gaaf wees om hierdie saak onmiddellik aan te spreek. Ons wil ook hê dat alle leerders se voorkoms 100% korrek is vir die fotodae wat voorlê.

2. SKOOLKWARTALE

Die finale skoolkwartale is verlede week aan ons deurgegee. Dit is as volg:

Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
(25 January) (01) 15 February – 23 April	(13)(12)10	(65)(60)50	3	(62)(57)47
03 May – 09 July	10	50	1	49
26 July – 01 October	10	50	2	48
11 October – 15 (15) December	10	48 (48)	00	(48)48
Total	(43)(42)40	(213)(208)198	6	(207)(202)192

3. SIKLUSROOSTER / TOETSROOSTER

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online

As gevolg van die ontvangs van die finale kalender, kon ons ook die siklusrooster (dagprogam) en die toetsrooster vir die kwartaal finaliseer. Dit word by hierdie skrywe vir u aangeheg.

4. SKOOLKONTRAKTE EN GESONDHEIDSVRAELYTE

Baie dankie vir die voltooiing van die skoolkontrakte (alle leerders) en die gesondheidsvraelyste (gr 8). Hierdie dokumente moet alles teen Vrydag, 19 Februarie, by die skool ingedien wees. U kind moet asb. die oorspronlike dokumente by sy/haar voogonderwyser inhandig. Ons benodig die oorspronklike dokumente.

5. FOTODAG

Die jaarlikse fotodae waarop die leerders se individuele foto's geneem word, vind as volg plaas:

19 Februarie: Al die gr. 12-leerders asook gr. 8 tot 11 se A-groepe

24 Februarie: Al die gr. 8 tot 11-leerders se B-groepe

Drag: Volledige amptelike skooldrag, met die pet en vir die gr 12-leerders die matriekdas en oortrektrui saam met die amptelike skooldrag

Hare: Geen leerder wie se hare en baard nie volgens die skoolreëls is nie, sal afgeneem word nie.

6. BERGROETE

Die leerders wat van die bergroete gebruik wil maak, waarvoor inligting reeds deurgestuur is, moet op die laatste alle aansoekvorms voor/ op Vrydag, 19 Februarie, by mev. Loubser in die algemene kantoor indien. Geen laataansoeke sal aanvaar word nie.

Ouers dis heerlik om ons JV's weer terug by die skool te hê. Mag hulle hierdie jaar van krag-tot-krag gaan.

JV-groete



A DOWD

HOOF

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134





☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online





☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online

